J. Swanepoel
Departement Latyn

STAAT ER WAT ER STAAT? RESEPSIES VAN CATULLUS SE CARMEN XLIX

1. INLEIDING

Gaius Valerius Catullus (c. 84-c. 54 v.C.), die Romeinse digter wat veral bekend is vir sy verse aan sy geliefde Lesbia, het benewens liefdesgedigte ook 'n hele aantal verse geskryf waarin van sy tydgenote figureer. Hierdie gedigte wat aan spesifieke persone gerig is, is wyd uiteenlopend en die toon en strekking daarvan wissel van toegeneentheid en liefde enersyds (vgl. Carmen IX) tot felle invektief (Carmina CVIII, XCIII) en spot (Carmen LXXXIV) andersyds. Die leser kan gewoonlik maklik vasstel of hy in 'n gedig met vriend of vyand te doen het. Maar daar is een uitsondering, en dit is Catullus se gedig aan die Romeinse staatsman, retor en skrywer, Marcus Tullius Cicero. Hierdie gedig, wat soos die meeste van Catullus se gedigte heel kort en kragtig is, is deur die eeue op uiteenlopende en botsende wyses geïnterpreteer. Enersyds word dit beskou as 'n opregte dankbetuiging en lofprysing aan Cicero, terwyl ander lesers dit weer sien as 'n gedig wat ironies bedoel is.

Aangesien die resepsies van hierdie gedig so uiteenlopend is, en die een interpretasie die ander logieserwys uitsluit, moet daar in die eerste plek gevra word op grond van watter onderliggende aannames, literatuurbeskouing, beskikbare getuienis en bewysvoering daar tot sulke teenstrydige lesings van dieselfde gedig gekom word.

Voortvloeiend hieruit moet die vraag ook gestel word watter van hierdie botsende interpretasies die beste verantwoord en dus die waarskynlikste is. Of is die gedig op so 'n manier geformuleer dat daar 'n saak vir albei die lesings uigemaak kan word?

Hierdie vraagstuk vestig die aandag prominent op die rol en funksie wat die leser in die ontsluiting en interpretasie van 'n literêre teks vervul. Dit laat die vraag ontstaan in watter mate die betekenis van 'n literêre teks in die teks self gespesifiseer is. Of is dit so dat 'n leser redelik willekeurig 'n betekenis aan 'n teks kan oplê? Is bloot dit wat in 'n gestruktureerde teks gesê word genoegsaam vir die verstaan daarvan? Of is sekere buite-tekstuele inligting onontbeerlik vir insig daarin? Is die betekenis van 'n literêre werk a-histories en tydloos? Speel die leser se kennis van die werklikheid, sy vertroudheid

met die literatuur, sy literatuurbeskouing en verwagtingspatroon 'n deurslaggewende rol in sy interpretasie van die gedig? Of lê die waarheid êrens tussenin? So kan die vrae vermenigvuldig word.

In die bespreking sal van die standpunt uitgegaan word dat enige interpretasie van 'n teks slegs 'n voorstel is, al is dit dan 'n beredeneerde voorstel.

Ek sal in die artikel probeer aantoon hoe die argumente ten gunste van elk van die interpretasies van Catullus se gedig opgebou is. Daar sal ook gepoog word om aan te toon watter literatuurbeskouing daaraan ten grondslag lê en watter konsekwensies dit inhou vir die leser se omgaan met die teks.

2. BEGRIPPEAPPARAAT

2.1 Ironie

Aangesien die begrip ironie sentraal staan in hierdie dispuut, moet daar kortliks stilgestaan word by die aard, soorte, tipiese tegnieke en funksies van ironie.

Die teksboekdefinisie van ironie dateer reeds uit die klassieke retoriese teorie, nl. dat ironie daarin bestaan dat 'n spreker/skrywer een ding sê terwyl hy iets anders (dikwels die teenoorgestelde daarvan) bedoel. As sodanig is dit verwant aan sarkasme, maar tog onderskeie daarvan, aangesien ironie gewoonlik subtieler is, terwyl sarkasme direk en maklik herkenbaar is. In sarkasme kan dit wat gesê word onmoontlik dit wees wat bedoel word, terwyl die hoorder/leser van 'n stuk ironie soms sal twyfel of werklik gesê word wat bedoel word en of gesê word wat juis nié bedoel word nie. Alhoewel ironie gewoonlik subtieler te werk gaan as sarkasme is die effek daarvan dikwels des te skerper.

Liberman en Foster (1968:63) toon aan dat die standaarddefinisie hierbo nie alle manifestasies van ironie dek nie, en dat dit nuttiger is om ironie te beskou as die bestaan van 'n sekere tweede perspektief op 'n taaluiting of handeling waarvan die leser bewus gemaak word.

Daar is dan ook verskillende soorte ironie waarvan nie almal verbaal is nie. So onderskei van Gorp (1980:84-85) tussen sokratiese ironie, verbale ironie, situasionele (of dramatiese) ironie en romantiese ironie.

Een van die metodes waardeur verbale ironie bewerkstellig word, is dat woorde uit hul normale konteks gelig word, waardeur hulle dan 'n ander

betekenis kry as wat die oppervlakuiting laat vermoed. Daar is dus 'n sekere "ambigue kwaliteit" (Van Gorp: 1980:84) in die taaluiting.

Situasionele ironie berus op 'n meerkennis by die leser. Hy kan byvoorbeeld van meer bewus wees as die persoon aan wie 'n ironiese uiting gerig is of as die een deur wie dit gemaak word.

Onder romantiese ironie word verstaan dat 'n spreker/outeur homself bewustelik relativeer, iets wat duidelik word uit 'n bewuste ironiese spreek-/skryfhouding.

Die leser herken 'n taaluiting as ironies op grond van 'n dubbelsinnigheid in die taalstruktuur van die boodskap, of op grond van die feit dat dit wat gesê word nie klop met dit wat die hoorder/leser weet aangaande die situasie waarop die taaluiting betrekking het nie.

Ironie is gewoonlik 'n wapen in die hand van 'n satiris, maar ook dramaturge maak graag daarvan gebruik. Twee van die standaardtegnieke van die ironikus is hiperbool ('n oordrewe en aangedikte stelwyse) en sy teenhanger meiosis of onderbetoning waar juis minder gesê word as wat bedoel word.

Ironie kan vele funksies vervul. Om met Cuddon (1979:339) te praat: "It is often the witting or unwitting instrument of truth. It chides, purifies, refines, deflates, scorns, and 'sends up' ".

2.2 Teksbeskouing

Voorstanders van die Resepsie-estetika, veral Hans Robert Jauss, het aangetoon dat die literatuur deur die loop van die eeue vir lesers om verskillende redes geïnteresseer het en dat literêre tekste deur die lens van verskillende teoretiese "brille" of paradigmas bestudeer is. Ook in die wetenskapsteorie word die belangrikheid ingesien van die paradigma waarbinne die wetenskaplike werk. Die wetenskapshistorikus T.S. Kuhn se werk "The Structure of scientific revolutions" (1962) het die aandag baie prominent hierop gevestig.

Die resepsies van Catullus se gedig wat in hierdie artikel bespreek word, dateer uit die negentiende en twintigste eeu. Daarom is dit belangrik om na te gaan hoe die literatuur in hierdie tydperk benader is. Drie benaderingswyses kan onderskei word, te wete 'n beskouing van die literêre teks as dokument, as monument en as tekensisteem (kyk Van Coller, 1983). Hierdie benaderingswyses kan natuurlik nie waterdig van mekaar afgeskei word in

tydperke nie, aangesien sommige navorsers steeds kan voortwerk binne 'n ou paradigma, selfs wanneer 'n nuwe paradigma die heersende geword het. Maar 'n ruwe veralgemening kan gemaak word. Onder die invloed van die positivisme kry ons sedert die tweede helfte van die negentiende eeu 'n belangstelling in die teks as *dokument* van òf die skrywer òf die tydsomstandighede (sosiaal, polities, intellektueel, ekonomies, ens.) waaruit dit ontstaan het. Die teks eis nie soseer die aandag vir homself op nie; dit gaan eintlik om wat "agter" of buite die teks lê, waaroor die literêre werk iets wil sê. Dikwels is die verband tussen hierdie agterliggende faktore (of dit nou die psige van die skrywer of sekere fasette van die tydsgewrig is) en die literêre werk as 'n kousale verband gesien: dit veroorsaak die spesifieke teks, en — omgekeerd — die teks is weer belangrik omdat dit vir die leser iets sê oor die *causae*.

Sedert die vroeë twintigste eeu tot en met die sestiger-/sewentigerjare kry ons 'n belangstelling in die teks as *monument*. Die fokus is nou op die teks as teks, soms met 'n groot premie op die sg. outonomie daarvan. Die New Critics, Russiese Formaliste en die voorstanders van die *werkimmanente Interpretation* was die vernaamste eksponente van hierdie benadering. Dit gaan in hierdie skole veral om dit wat literatiteit konstitueer, om die uitwysing van die organisasie van die taalmiddele in 'n literêre teks tot 'n samehangende geheel en die bewysvoering is hoofsaaklik intratekstueel.

Sedert die jare sestig is daar 'n belangstelling in die teks as semiotiese sisteem, met groot klem op die leser se aktualisering van die tekens in 'n teks, maar waarby ook die hele kommunikasiesituasie in berekening gebring word. Hier word ook gegewens oor die skrywer, die sosiale en literêre konteks waarbinne 'n werk ontstaan, maar veral oor die leser met sy waardesisteme en verwagtingshorison in berekening gebring, alhoewel dit op 'n gesofistikeerder wyse as in die ouere kousalistiese teorieë geskied.

Ek sal in die verdere bespreking probeer aantoon dat die voorstanders van 'n nie-ironiese interpretasie van Catullus se gedig die werk primêr benader as dokument. Aan die ander kant kan die argumente van diegene wat 'n ironiese lesing voorstaan (selfs al is dit nie eksplisiet so gedoen nie) ingeorden word binne die raamwerk van 'n benadering van die teks as 'n gestrukturerde tekensisteem wat deur die leser geaktualiseer word. Alhoewel die teks ook in hierdie benadering in 'n sekere sin dokument is van iets buite die gedig, gaan dit eerder om die leesavontuur as om die agterliggende situasie.

2.3 Bewysplase

In die analise van die argumente ten gunste van elk van die interpretasies,

sal onderskei word tussen intratekstuele, intertekstuele en kontekstuele getuienis.

Intratekstuele getuienis is die getuienis wat aangevoer word met 'n beroep slegs op die teks.

Die beroep op intertekstuele getuienis gaan uit van die veronderstelling dat geen teks insulêr is nie, maar dat dit gesitueer is tussen ander tekste. Hier ag ek dit nodig om 'n onderskeid te tref tussen intertekstuele getuienis uit werke van dieselfde outeur (*in casu.* uit die res van die oeuvre van Catullus) en intertekstuele getuienis uit die werke van ander outeurs, bv. die van tydgenootlike skrywers.

Onder kontekstuele getuienis sal hier daardie getuienis verstaan word wat die navorser betrek op grond van sy kennis van die tydvak waarin die gedig ontstaan het, maar wat nie in soveel woorde in 'n teks uitgespel is nie, maar berus op rekonstruksie en konjektuur.

3. CATULLUS SE GEDIG EN 'N VERTALING DAARVAN

3.1 Catullus se gedig:

Carmen XLIX

1. Disertissime Romuli nepotum,
2. quot sunt quotque fuere, Marce Tulli,
3. quotque post aliis erunt in annis,
4. gratias tibi maximas Catullus
5. agit pessimus omnium poeta,
6. tanto pessimus omnium poeta
7. quanto tu optimus omnium patronus.

3.2 Letterlike vertaling daarvan

Ter wille daarvan dat diegene wat Latyn nie magtig is nie die latere argumentasie kan volg, en omdat party van die argumente gebaseer is op die spesifieke taalvorme wat in die gedig gebruik word, probeer ek nie om hier 'n dinamies ekwivalente vertaling te bied nie, maar 'n vertaling wat uiters letterlik en woord vir woord te werk gaan. Die resultaat van so 'n vertaling is uiteraard stram en onpoëties.

1. Welsprekendste van die kleinseuns van Romulus,
2. hoeveel[a] daar is, en hoeveel[a] daar was, Marcus Tullius,
3. en hoeveel [a] daar later in ander jare sal bestaan/wees,
4. die allergrootste dank betuig Catullus
5. aan jou, (hy) die allerslegste digter van almal,
6. (hy wat) in so 'n mate die allerslegste digter (is) van almal
7. as wat jy die heel beste advokaat van/vir[b] almal (is).

Die volgende opmerkings is ter sake:

(a) Die Latynse woorde "quot" en "quotque" is hier vertaal met "hoeveel" en "en hoeveel". 'n Minder stram vertaling sou wees:

"soveel as wat daar is, en soveel as wat daar was, Marcus Tullius, en soveel as wat daar later in ander jare sal wees"

(b) Die grammatikale konstruksie "optimus omnium patronus" kan in Latyn twee betekenisse hê (1) "die beste advokaat *van* almal" of (2) "die beste advokaat/pleitbesorger *vir* almal" (kyk 5.3.2).

(c) Gedeeltes tussen hakies is ter wille van duidelikheid in die Afrikaanse vertaling ingevoeg.

4. VERSORGANISASIE

Die vraag mag onwillekeurig by die leser van hierdie artikel opkom of die botsende interpretasies van hierdie gedig dalk nie die gevolg daarvan is dat die outeur dit wat hy wou sê nie duidelik geformuleer het nie. Om aan te toon dat dit nie die geval is nie, sal die aandag kortliks gevestig word op sekere fasette van die strukturering van die gedig — dit wil sê die organisasie van taalmiddele in die vers — wat so 'n opvatting baie onwaarskynlik maak. Die hoofklem sal hier nie primêr op semantiese fasette val nie (hoewel dit ook betrek word) maar op sintaktiese en foniese organisasieprinsipes.

Die gedig bestaan uit slegs een sin, wat in sewe versreëls ontplooi word, en wel met 'n sekere ordening. Versreëls een tot drie is 'n uitgebreide aanspreking van Cicero. Versreëls twee en drie vorm 'n kleiner eenheid binne hierdie aanspreking, en wel as uitbreiding tot wat in die eerste versreël gesê is. Dit word sintakties gemarkeer deur die herhaling van "quot" (2), "quotque" (2) en "quotque" (3). Eweneens is versreëls een en twee aan mekaar verbonde. Dit geskied deur die plasing van die vokatief "Disertissime" in die aanvangsposisie in versreël een, wat gebalanseer

word deur die apostroof "Marce Tulli" (uiteraard eweneens in die vokatief) in die eindposisie van versreël twee. Afgesien van hul posisie in die vers is daar ook foniese verwantskap tussen eers- en laasgenoemde woorde.

Ons kan dit skematies so voorstel:

1. Disertissime Romuli nepotum,

2. *quot* sunt *quotque* fuere, Marce Tulli

2. *quotque* post aliis erunt in annis,

Daarna volg die hoofsin as middelstuk waar rondom die res van die gedig gerangskik is:

4. gratias tibi maximas Catullus

5a agit

Dit word opgevolg deur twee versreëls wat nog strenger herhalingsgedeeltes bevat as versreëls twee en drie

5b ... pessimus omnium poeta,

6 tanto pessimus omnium poeta

Die tweede, derde en vierde woorde is identies, en ons het dus te make met sintaktiese koppeling, as uitbreiding op die sinsonderwerp "Catullus" (4), en wel deur apposisie. Dit is analoog aan die uitbreiding van versreël een deur twee en drie.

En net soos versreëls een en twee sintakties en fonies in verband gebring is deur die vokatiewe, net so is versreëls ses en sewe gekoppel deur die korelatiewe "tanto" (6) en "quanto" (7) in aanvangsposisies.

Waar die frases "pessimus omnium poeta" in (5) en (6) semanties, sintakties en fonies identies is, daar word hierdie woorde *via* die korrelatiewe *tanto ... quanto* in opposisie gestel tot "optimus omnium patronus" in (7). Die semantiese opposisie tussen "pessimus" en "optimus", word verder geïntensiveer deurdat daar van 'n identiese sintaktiese ordening gebruik

gemaak word, waarin daar weer eens sterk foniese ooreenkomste aan te wys is.

Skematies lyk dit dan so:



'n Verdere betrekking van opposisies binne dieselfde klankveld is die herhaling van "tu" in "*Tu*lli" (2), "Ca*tu*llus" (4) en "*tu*" (7).

Om die klankorganisasie in hierdie gedig volledig te ekspliseer sou te veel ruimte beslaan. Die leser kan gerus let op die herhaling van die "t", "s" en "i" in elke versreël, en hiermee is daar nog lank nie uitgepraat oor die klankorganisasie nie.

Wat wel duidelik behoort te wees, is dat ons hier met 'n streng georganiseerde vers te doen het — en dit met die behoud van eenvoud en onopgesmuktheid. Juis die deurgekomponeerdheid van die vers maak die botsende interpretasies daarvan des te opvallender, aangesien die digter dit wat hy sê op baie geordende wyse doen.

5. RESEPSIES VAN CARMEN XLIX

5.1 As ons die term van die Tsjeggiese Strukturalis, Jan Mukařovský, gebruik, kan gesê word dat Catullus se Carmen XLIX as artefakt — as dit wat deur die kunstenaar tot stand gebring is, as tekens op papier — identies is vir alle ondersoekers.

Maar interpretasie veronderstel noodwendig 'n kensubjek en dit is 'n historiese feit dat verskillende lesers se aktualisering van hierdie artefakt tot estetiese objek in die resepsiegeskiedenis daarvan nie identies verloop het nie.

Teoretiese besinning oor die rol van die leser in die ontsluiting van die literêre werk het in die twintigste eeu al 'n hele aantal lesers opgelewer, bv.

die geïmpliseerde leser, die ideale leser, die "informed reader" ens. Teenoor hierdie abstrakte leser staan die werklike of reële leser, en dit is aan die opgetekende resepsies van hierdie lesers waarin daar in die volgende onderafdeling (5.2) aandag geskenk sal word. In die daaropvolgende onderafdelings (5.3) sal daar ook gebruik gemaak word van resepsies van reële lesers, maar die net sal daar wyer gespan word om ook 'n abstrakter leser te betrek, n.a.v. die moontlikhede wat die teks bied.

5.2 Er staat wat er staat

Vir lesers wat Catullus se gedig as 'n opregte dankbetuiging of *gratiarum actio* beskou, is die gedig eenvoudig en die interpretasie daarvan voor-die-handliggend. Die leser moet eenvoudig net lees wat daar staan en dit op sigwaarde aanvaar.

Die gedig word deur voorstanders van hierdie interpretasie primêr gesien as iets wat verwys na 'n wêreld buite die gedig, of te wel die sogenaamde ekstralinguale werklikheid. En — so kan tekstueel aangetoon word met 'n beroep op die oorwegings wat in paragraaf vier genoem is — die dankbetuiging is vol eenvoud en helderheid verpak.

Die gedig noem tog duidelik vir Catullus en Marcus Tullius op die naam. En as die *praenomen* en *nomen* nie genoeg is om die persoon na wie met die woorde "Marce Tulli" verwys word met Cicero te identifiseer — iets wat in elk geval te betwyfel is — dan stel die eerste versreël: "Welsprekendste van die kleinseuns van Romulus" die identifikasie bo enige twyfel vas. "Marce Tulli" is niemand anders as die historiese figuur, Marcus Tullius Cicero, een van die (of selfs dié) begaafdste van Romeinse retors. En, sover dit die dankbetuiging aangaan, daar staan tog uitdruklik "... *gratias tibi maximas Catullus/agit*" (4-5).

Trouens, die gedig as weerspieëling van Catullus se dank en erkentlikheid werk deurgaans met superlatiewe. Cicero word aangespreek as die *welsprekendste* van alle Romeine, en dit sluit nie alleen die verlede en die hede in nie, maar ook die toekoms. En wat meer is: "Catullus' prophecy proved true" (Williamson 1969:104). Voorts betuig Catullus "*gratias maximas*" (4) en is Cicero eksplisiet die "*optimus*" ... *patronus*" (7). Die feit dat Catullus twee maal ietwat onvleiend na homself as "*pessimus omnium poeta*" verwys, is òf te wyte aan opregte nederigheid, òf dit is 'n stukkie speelse humor, òf dit plaas by wyse van kontras Cicero se uitnemendheid in reliëf.

As daar enigiets is wat verdere aandag vereis of as daar enige onduidelikheid is wat opgeklaar moet word, dan is dit die opdieping van die ontstaansrede

vir hierdie gedig, en dit is juis op hierdie punt dat kommentatore wat reken *"dat er staat wat er staat"* hul deeglike (hoewel gevarieerde) historiese speurwerk en vindingrykheid ten toon stel. Hulle poog om die rede vir die bedanking op te diep. Sou so 'n rede met stelligheid gerekonstrueer kon word, dan is dit terselfdertyd stawing vir 'n nie-ironiese interpretasie.

My uiteensetting van hierdie hipotese berus op Fordyce (1965:213-214) se samevatting daarvan. Vir ons doel is nie die gegewens as sodanig belangrik nie, maar die eksplisering van die metode waarvolgens intertekstuele en kontekstuele getuienis aangewend word in hierdie bewysvoering.

As die teks dan primêr as dokument benader word, is 'n historiese interesse te verwagte. Waarop 'n mens minder voorbereid is, is die uiteenlopendheid van die hipoteses wat uit die beskikbare (en geselekteerde!) gegewens opgebou word.

*5.2.1 * Hipotese 1, variant 1*

Schwabe is van mening dat Catullus Cicero bedank omdat laasgenoemde vir Caelius suksesvol verdedig het teen 'n aanklag wat L. Sempronius Atratinus op aanstigting van Clodia teen hom ingebring het. Clodia was die (eertydse) beminde van Catullus. Cicero word nou bedank omdat hy in hierdie geding vir Clodia uitgewys het vir wat sy werklik is.

Hierdie hipotese berus ten minste op die volgende aannames:

1. Die Lesbia van Catullus se gedigte moet geïdentifiseer word met Clodia Pulcher, die dogter van Appius Clodius Pulcher en suster van die berugte tribuun en aartsvyand van Cicero, P. Clodius Pulcher. Dat Lesbia die skuilnaam was vir 'n Clodia berus op die getuienis van Apuleius (Apologia 10). Dat Lesbia geïdentifiseer moet word met hierdie spesifieke Clodia berus op 'n reeks ander argumente wat in Fordyce (1965:xiv-xvi) nagelees kan word. Die meeste kommentatore is van mening dat alhoewel hierdie identifikasie nie as bewese beskou behoort te word nie dit in elk geval nie bots met beskikbare getuienis nie en daarom redelik waarskynlik is.

2. Dit berus voorts op die veel meer problematiese identifikasie van Caelius met M. Caelius Rufus. Hierdie identifikasie is gegrond op moeilik met mekaar rymbare intertekstuele getuienis (kyk Fordyce, 1965:xv-xvi).

   Dit is duidelik dat selfs al sou beide hierdie aannames korrek wees die

navorser steeds 'n sprong moet maak vanaf hierdie gegewens tot die verknoping daarvan aan Catullus se gedig.

*5.2.2 * Hipotese 1, variant 2*

Baehrens bring die gedig eweneens in verband met Clodia se hofsaak teen Caelius en Cicero se optrede as advokaat in die geding. Hy raffineer die hipotese verder deur te stel dat Cicero bedank word omdat hy Catullus se naam uit die hofsaak gehou het.

*5.2.3 * Hipotese 2*

Westphal maak 'n heel ander historiese rekonstruksie en wel op grond van intertekstuele getuienis van ander outeurs (Plutarchos, Cic. 29; Cicero: Ad Familiares v.2.6). Hieruit blyk dit dat Cicero in 62 v.C. vir Clodia besoek het toe haar man, Metellus Celer, in Gallië was. Op grond hiervan spekuleer hy dat Cicero bedank word omdat hy Catullus in Clodia se vriendekring voorgestel het.

Die argument berus op die reeds vermelde identifikasie van Lesbia met Clodia Pulcher asook op intertekstuele getuienis van ander outeurs en 'n stuk konjektuur.

*5.2.4 * Hipotese 3*

Kroll is op sy beurt van mening dat Catullus Cicero bedank vir een van sy toesprake, waarskynlik die *In Vatinium* van 56 v.C., wat hy aan Catullus gestuur het.

5.2.5 Soos Fordyce (1965:214) droogweg opmerk: "These theories, some wilder than others, are only guesswork, and guesses can be multiplied". Hy is van mening dat dit nutteloos is om sulke hipoteses te stel, omdat ons nie kennis dra van die persoonlike verhouding tussen Catullus en Cicero nie.

5.2.6 Vir ons doel is dit belangrik om op die volgende sake te let.

1. Daar word deur hierdie kommentatore aangeneem dat hul rekonstruksie van die omstandighede wat aanleiding gegee het tot die skryf van die gedig vir die leser nuttig is om die gedig te verstaan. As dit dan 'n bedankingsgedig is, dan weet die nou danksy die "historische Forschung" glashelder waarom Catullus Cicero met soveel oorgawe bedank.

2. Dit is ook duidelik dat die opdieping van gegewens uit die werke van

dieselfde en ander outeurs nie noodwendig vir die navorsers lei tot 'n enkelduidige verklaring van die ontstaanrede en daarmee ook van die teks nie. Die uiteenlopendheid van die hipoteses hierbo is klinkklare bewys daarvan. Terwyl nie betwis word dat 'n teks tussen ander tekste en ook in 'n sekere konteks gesitueer is nie, is dit ook duidelik dat die rekonstruering van 'n konteks afhanklik is van die beskikbare gegewens wat opgeteken is, van die interpreteerder se seleksie van die gegewens wat hy as relevant beskou en ook van sy ordening daarvan tot 'n argument. Om 'n teks bloot op grond van 'n rekonstruksie van sodanige agterliggende faktore uit te lê, lyk na 'n gevaarlike spel.

5.3 Er staat niet wat er staat

5.3.1 Maar nie alle lesers is tevrede met die interpretasie hierbo nie, en mense soos Wölfflin en Schmidt beskou dit as 'n ironiese gedig. Ek sal vervolgens die vernaamste argumente ten gunste van hierdie interpretasie uiteensit; en in die loop van hierdie uiteensetting probeer aantoon dat 'n ander benadering tot die literatuur/literêre werk hieraan ten grondslag lê.

5.3.2 Sommige van die voorstanders van hierdie interpretasie gaan delf ook na 'n ontstaansrede, maar hierdie soektog word van stapel laat loop op grond van 'n dubbelsinnigheid in die teks. Daar word daarop gewys dat die slotwoorde van die gedig *"optimus omnium patronus"* ambivalent is en dat dit in die standaardgebruik van Latyn kan beteken of 1) "die beste advokaat van almal (d.w.s. van alle advokate) of 2) die beste advokaat/pleitbesorger vir almal. Die *"omnium"* word hiervolgens nie neutraal opgeneem as bloot "vir almal"nie, maar as "vir 'n ieder en 'n elk", "vir Jan Rap en sy maat" of op Engels "for all and sundry".

Die sintaktiese parallelisme tussen *"pessimus omnium poeta"* (5 en 6) en *"optimus omnium patronus"* laat dit by 'n eerste lees voorkom asof die eerste lesing in hierdie omgewing die toepaslike een is, maar op grond van ander sleutels of wenke in die gedig (kyk 5.3) kan 'n sterk saak vir die tweede lesing uitgemaak word. As *"optimus omnium patronus"* dan beteken "beste advokaat vir Jan Rap en sy maat" dan gaan soek party van die voorstanders van 'n ironiese interpretasie na so 'n situasie in Cicero se loopbaan. En wie soek sal vind, al is dit dan weer eens spekulatief.

Die hipotese sien so daaruit: Cicero het in 54 v.C. vir Vatinus, 'n berugte karakter, suksesvol verdedig teen 'n aanklag van Calvus, Catullus se mededigter en vriend. Dit het Catullus aanstoot gegee en daarom sou 'n klag van "indiscriminate advocacy" dan geregverdigd wees, en steun dit nie alleen op 'n dubbelsinnigheid in die sintaksis van die gedig nie, maar is die

situasie waarop dit betrekking het dan ook uitgewys.

Dit is belangrik om daarop te let dat selfs as *"optimus omnium patronus"* die betekenis van "die beste advokaat van almal" het, die uitdrukking steeds ironies kan wees. Dan berus die ironie nie op 'n dubbelsinnigheid in die sintaksis nie, maar op die diskrepansie tussen wat op die oppervlak gesê word en wat bedoel word. Die *"optimus omnium partronus"* verteenwoordig dan net so min die werklike toedrag van sake as die betiteling van Catullus se *"pessimus omnium poeta"*.

5.3.3 'n Ander rede vir die ironisering in Catallus se gedig word gesoek in Cicero se geringskatting van Catullus se poësie. Dit is goed bekend dat Cicero nie 'n bewonderaar was van die avant-garde digters, die sg. *"novi poetae"*, waarvan Catullus een van die hoofligure was nie. Die bewysplase hiervoor kan gevind word in Cicero se brief aan sy vriend Atticus (Cicero, Ad Atticum VII) asook in sy filosofiese geskrif, die Tusculanae Disputationes (III, 45). Hier verwys Cicero nie baie vleiend na hierdie nuwe digters nie. Voorts is dit ook bekend dat Cicero 'n bewonderaar was van die ou digters, die "establishment"-skrywers soos Quintus Ennius, en hy het ook self in sy eie werk hierdie ouer tradisie voortgesit.

Op die oog af lyk hierdie hipotese dus redelik oortuigend, maar ook hier is daar 'n probleem, aangesien hierdie twee geskrifte van Cicero eers na die dood van Catullus geskryf is. Maar 'n teenargument is moontlik, naamlik dat dit nie uitgesluit kan word dat Cicero as 'n redelike uitgesproke man en as 'n prominente figuur in die literêre wêreld van sy tyd sy opinie oor die *"novi poetae"* reeds vroeër mondelings te kenne gegee het voordat hy dit later op skrif gestel het. Dit is inderdaad moontlik, maar eweneens is dit geen bewese feit nie.

Al raak die argumentasie ook in hierdie geval die wêreld agter die gedig, is daar weer 'n aanknopingspunt met 'n tekstuele gegewe, naamlik met die ironies bedoelde teenstelling tussen *"pessimus omnium poeta"* (5 en 6) en *"optimus omnium patronus"* (7).

Dit is egter duidelik in die volgende argumente waar strenger met tekstuele gegewens omgegaan word waarin 'n ander literatuurbenadering duideliker blyk.

5.3.4 Die aanspreekvorm

5.3.4.1 Die aanspreking van Cicero beslaan drie van die totaal van sewe versreëls van die gedig. Dit is gelaai met gloeiende superlatiewe. Dit wil dus voorkom asof ons hier met 'n hiperboliese stelwyse te doen het, en soos reeds opgemerk is, is hiperbool een van die mees algemene tegnieke om ironie te bewerkstellig.

Voorstanders van die nie-ironiese interpretasie voer aan dat die hiperboliese aanspreekvorm nie onvanpas is nie as in ag geneem word dat Catullus, 'n jong diger, hom hier rig tot 'n vernaame persoon in die Romeinse samelewing en literêre "estalbishment".

Maar as die volgende getuienis ook in berekening gebring word, lyk die skaal beslis geswaai in die rigting van 'n ironiese interpretasie.

5.3.4.2 Die versreël "*Disertissime Romuli nepotum*" roep intertekstueel 'n assosiasie op met Catullus se Carmen LVIII, waar "*magnanimi Remi nepotes*" kennelik ironies gebruik is. Fordyce (1965:321) noem dit dan ook 'n "quasi-epic grandiose phrase".

Hierdie getuienis is nie op sigself deurslaggewend nie, aangesien dit nie te sê is dat twee gelyksoortige frases in afsonderlike gedigte noodwendig dieselfde funksie of semantiese lading dra nie, veral nie as een gedig 'n ironisering van (/dankbetuiging aan) 'n retor is, en die ander 'n uitbeelding van die degradasie van 'n (eens) geliefde is nie.

5.3.4.3 Catullus en die ander *novi poetae* neig baie tot die gewone spreektaal, tot dit wat Quinn "the language of conversation improved upon" of *sermo purus* noem (1979:155). Dit is minder hoogdrawend as die meer bewustelik "poëtiese" en oratoriese taalgebruik van hul voorgangers. Binne die konteks van Catullus se oeuvre verteenwoordig dit beslis 'n afwyking, nie net van sy eie standaardgebruik nie, maar ook van 'n literêre konvensie van die nuwe digters.

5.3.4.4 Voorts getuig Catullus se poësie van 'n a-nasionale ingesteldheid, en is 'n vaderlandse frase soos "*Disertissime Romuli nepotum*" baie skaars in sy gedigte, en dit in teenstelling tot die praktyk van sowel sy voorgangers as latere Romeinse digters (kyk Williamson, 1969:10).

5.3.4.5 Die gedagte dat iemand sy tydgenote, voorgangers en diegene wat later sal kom oortref (vergelyk versreëls 2 en 3) kom ook in die geskrifte van ander Romeinse skrywers voor.

So vind ons by die komedieskrywer Plautus (Persa 777) die woorde "*qui sunt qui erunt <u>quique</u> fuerunt <u>quique</u> futuri sunt posthac*" (my onderstreping). Fordyce (1965:215) noem dit tereg "mock solemn extravagance". Ook in die werk van Cicero word hierdie gedagte verwoord, byvoorbeeld as hy vir Pompeius lof toeswaai en sê: "*Cn. Pompeius vir omnium <u>qui</u> fuerunt erunt virtute sapientia gloria princeps*" (post Red. ad Quir. 16). Ook in sy briewe (Ad Familiares XI, 21, 1) tref ons 'n soortgelyke frase aan, die keer as 'n beswaddering:

"... *nequissimo omnium qui sunt qui fuerunt qui futuri sunt*" (onderstreping van my).

Die onderstreepte woorde *qui* en *quique* in die sitate hierbo verteenwoordig die normale en mees algemene gebruik van die relatiewe voornaamwoord in sodanige Latynse sinne. Maar in plaas van *qui* en *quique* skryf Catullus die minder gebruiklike (hoewel nie ongrammatikale) *quot* en *quotque*. So word daar m.i. 'n hiperboliese effek bewerkstellig, en dit in 'n reeds hiperboliese aanspreekwyse.

5.3.4.6 Die aanspreekvorm "*Marce Tulli*" bied 'n verdere interpretatiewe leidraad, aangesien so 'n aanspreekvorm "the ceremonial style of address used in the Senate" (Fordyce, 1965:215) verteenwoordig. As sodanig sluit dit aan by die vernaamdoenerigheid van die res van die eerste drie versreëls.

Dit is ook moontlik dat hierdie aanspreekvorm 'n subteks oproep naamlik die woorde wat Cicero in die mond van die staat lê: "*si omnis res publica sic loquatur: 'Marce Tulli, quid agis?*" (In Catilinam 1,27). Cicero laat hom hier op 'n baie formele wyse aanspreek. Catullus gebruik die identiese vorm, maar met ironiserende effek, enersyds vanweë die graad van formaliteit en andersyds (indien dit inderdaad 'n toespeling op Cicero se woorde is) vanweë die spanning tussen teks en subteks.

5.3.4.7 Sommige outeurs beskou die betiteling van Cicero as 'n kleinseun van Romulus (1) as 'n sarkastiese toespeling op Cicero se provinsiale afkoms, maar dit is onwaarskynlik in die lig van die feit dat Cicero homself dikwels op sy provinsiale afkoms beroem het. As verder in gedagte gehou word dat ook Catullus nie 'n gebore Romein was maar ewenceens uit die provinsies gekom het lyk die argument nie baie oortuigend nie (Fordyce 1965:214-215).

5.3.4.8 Die woord "*disertissimus*" het gewoonlik 'n baie positiewe konnotasie. Ellis (1876:135) vestig egter die aandag op sekere passasies waar "*disertus*" in teenstelling tot "*eloquens*" gebruik word. 'n Retor wat *disertus* is beskik oor tegniese vaardigheid, terwyl een wat *eloquens* is nie net tegnies goed is nie, maar 'n natuurlike aanleg vir die welsprekendheidskuns het. Ellis (1876:135) toon egter ook aan dat hierdie woorde in ander omgewings sinoniem gebruik word en daarom lyk dit nie vir my of "*disertissime*" in die eerste versreël om hierdie spesifieke rede as ironies opgeneem behoort te word nie. Dit is egter moontlik dat dit om 'n ander rede 'n steek in die rigting van Cicero mag wees (kyk par. 6).

5.3.5 Catullus se verwysing na homself (en dit in die verwyderde derde persoon) as "*pessimus omnium poeta*" is "a humility so exaggerated as hardly to

escape the suspicion of persiflage" (Ellis 1876:135). Uit Catullus se oeuvre is dit duidelik dat hy, alhoewel hy soms sy skryfwerk ironiseer (Carmen 1.4), 'n baie selfbewuste digter is. Die kontrapunt van die ironiese "*pessimus omnium poeta*" (wat boonop nog herhaal word) is "*optimus omnium patronus*" (7). Die vraag is net of Catullus se selfironisering noodwendig ook beteken dat "*optimus omnium patronus*" ironies bedoel word. Dit lyk vir my waarskynlik en wel op grond van die verbinding van hierdie twee frases deur *tanto ... quanto* (kyk egter Fordyce 1965:214).

5.3.6 Op die dubbelsinnigheid van "*optimus omnium patronus*" is reeds ingegaan (kyk 5.3.2). Al wat hieraan toegevoeg moet word is dat die digter deur die sintaktiese parallelisme tussen versreëls ses en sewe die leser om die bos lei, totdat hy die dubbelsinnigheid van versreël sewe insien. En juis die feit dat daar van ooreenstemmende sintaktiese ordening gebruik gemaak word om 'n teenstelling te markeer, verhoog die trefkrag daarvan.

5.3.7 Die argumentasiestrategie ten gunste van hierdie lesing sien dus soos volg daaruit: as die gedig ironies is, moet iets anders bedoel word as wat op die oppervlak gesê word. Om so 'n lesing te regverdig, moet sekere sleutels tot 'n nie-voor-die-hand-liggende interpretasie gesoek word. En dit word dan primêr gesoek in die teks, in 'n vergelyking van die teks met tersaaklike tekste en (in 'n mindere mate) ook in die teks se verhouding tot die wêreld buite die teks.

Daar word gewys op ambivalensies in die teks asook op die benutting van stylmiddele (veral hiperbool) wat tipies is aan ironie. Daar word ook intertekstuele argumente aangevoer, veral met betrekking tot die afwyking van sekere literêre konvensies. Waar daar gepoog word om die wêreld agter die teks te rekonstrueer, geskied dit op grond van spesifieke tekstuele gegewens. Kortom: daar is in hierdie benadering 'n groter klem op die bewustelike benutting van taal en sy moontlikhede. Die gedig word in 'n sekere sin beskou as 'n soort legkaart: die leser moet kyk hoe die verskillende stukke daarvan in mekaar steek en 'n patroon daarvan maak. Alhoewel nie al die argumente wat hierbo genoem is op sigself genome ewe oortuigend is nie, is die konstellasie daarvan en die feit dat hulle mekaar komplementeer en aanvul 'n belangrike oorweging ten gunste van hierdie interpretasie. Die teks is dus nie bloot die dokument van 'n historiese gegewe nie, maar is iets wat die leser se aandag opeis ook en selfs primêr vir die tekensisteem self. Die benaderingswyse en argumentasiestrategie is meer literêr as die benadering wat aangetref word by die voorstanders van 'n nie-ironiese interpretasie wat veral geïnteresseerd is in die rekonstruksie van die geskiedenis agter die teks.

6. KONKLUSIE

Aangesien ironie dikwels subtiel te werk gaan, hoef dit 'n mens nie te verbaas dat hierdie teks op twee uiteenlopende wyses uitgelê word nie. Die gedig is op sy minste ambivalent, maar op grond van die leserswenke in die teks lyk 'n ironiese interpretasie vir my die waarskynlikste. So 'n interpretasie is ook as *leeservaring* boeiender. Myns insiens word nie net Cicero nie, maar ook die leser se been getrek. Die gedig is ook in die opsig ironies dat die spreker wat homself etiketteer as die slegste digter van almal en hom in reliëf stel tot die uiterste welsprekende retor dit op 'n wyse doen wat self uiters '*disertus*' is. Kortom: "he is beating him at his own game".

Hoe dit ookal sy, die uiteensetting hierbo laat duidelik blyk hoe 'n belangrike rol die leser en die paradigma waardeur hy die literêre werk benader in die aktualisering van die gedig speel. Maar eweneens is die gedig ook nie sonder meer 'n "oop plan" waarmee die leser na willekeur kan omgaan nie. En hier lê die knoop: in die estetiese ervaring (asook in en die wetenskaplike verantwoording daarvan) is daar nie net 'n leser/kensubjek nie, ook nie net 'n objek wat sonder meer sy betekenis meedeel nie. Daar word in die leeshandeling 'n brug gebou tussen die kensubjek met sy teoretiese raamwerk, sy heuristiese en hermeneutiese vermoë en die objek met sy struktuur, of — as dit 'n te groot woord is — sy wegwysers en aanduidings vir die aktualisering daarvan.

BIBLIOGRAFIE

CUDDON, J.A. 1979. A Dictionary of literary terms. André Deutsch, London.

ELLIS, R. 1876. A Commentary on Catullus. Claredon Press, Oxford.

FORDYCE, C.J. 1965. Catullus. Clarendon Press, Oxford.

KUHN, T.S. 1962. The Structure of scientific revolutions. 2nd ed. enl. University of Chicago Press, Chicago.

LIBERMAN, M.M. & FOSTER, E.E. 1968. A Modern lexicon of literary terms. Scott, Foresman and Company. Glennview, Illinois.

QUINN, K. 1979. Texts and contexts. The roman writers and their audience. Routeledge & Kegan Paul; London, Boston and Henley.

VAN COLLER, H.P. 1983. Teoretiese benaderings van die letterkunde in die jare tagtig. *Literator*, 4(3): Potchefstroom.

VAN GORP, H. (red.) 1980. Lexicon van literaire termen. Wolters, Noordhoff Groningen.

WILLIAMSON, G.A. 1969. Poems of Catullus. Bell, London.